PROSCENIUM

DRAMA

KOMPETISIE/COMPETITION

# AANDAG ALLE TONEELSPELERS OP HOËRSKOOL!

Dis ‘n nuwe jaar, ‘n nuwe jy, nuwe hoogtes wat bereik kan word en die tyd is min. 26 Januarie 2024 is om die draai.

Droom jy van toneelspeel op ‘n groot verhoog, op televisie, in ‘n Hollywood film of om te skitter agter ‘n mikrofoon? Gee die eerste tree op jou roemryke loopbaan en skryf nou vir die Proscenium dramakompetisie in!

Dit beloof om die ervaring van ‘n leeftyd te wees. Ontmoet jou sepiehelde in lewende lywe op die stel van Suidooster; skuif agter ‘n mikrofoon in by RSG en hoor jou eie stem in ‘n oorsese akteur se mond op ‘n TV skerm in die oorklankingsateljee.

En dis net jy! Jou talent, tegniese vermoëns en passie is al wat tel. Jy neem individueel deel en almal van graad 8 tot 12 kan inskryf. Alle amptelike tale welkom.

Vir die uitdunronde gaan jy ‘n gedig en ‘n uittreksel uit ‘n prosawerk van jou keuse voorberei. En dan ‘n kort improvisasie doen (die onderwerp sal deur die beoordelaar gegee word). Na hierdie ronde sal die beoordelaars 60 deelnemers aanwys vir die volgende ronde.

In ronde een doen jy ‘n uittreksel/monoloog uit ‘n toneelstuk wat nie langer as 5 minute is nie. Die beoordelaars wys 30 deelnemers aan wat deurgaan na ronde twee. Daar doen jy weer jou gedig en uittreksel uit ‘n prosawerk en 16 deelnemers word gekies.

Ronde drie is die opwindende radio-oudisie by RSG se ateljees in Seepunt, die oorklankingsoudisie by Overklank Ateljees en jy speel in ’n toneel op die stel van kykNET se sepie, Suidooster. Na hierdie ronde sal die beoordelaars 8 deelnemers aanwys vir die vierde en finale ronde.

Daarvoor voer jy ’n goed gebalanseerde program van maksimum 12 minute op met klem op verskeidenheid en wisseling in aanbieding. Die program kan ’n sentrale tema hê en daar mag gebruik gemaak word van poësie, prosa, drama, sang, mimiek en kommentaar (skakelteks), indien nodig. Items uit vorige rondes mag gebruik word.

En as jy raad en leiding nodig het met die keuse van jou materiaal en/of voorbereiding, laat ons weet. Ons het professionele mentors wat gereed staan om te ondersteun.

Einde Februarie 2024 skop die uitdunrondes in verskeie sentra in al nege provinsies af, waarna die finaal van 9 tot 11 Mei 2024 in Kunstekaap plaasvind.

Die hoogtepunt waarna finaliste die meeste kan uitsien, is om ingesluit te word in die geselskap van ’n professionele verhoogproduksie wat by drie kunstefeeste opgevoer gaan word. Die Toyota Woordfees, KKNK en die Suidoosterfees. Onder leiding van ’n bekende regisseur en saam met jou gunsteling akteurs.

Sertifikate, medaljes en kontantpryse is natuurlik ook op die spel, en RSG en kykNET kies uitblinkers uit die finaliste om in ’n radiodrama te speel en ’n gasverskyning in ’n TV-sepie te maak. Overklank ateljees gaan ’n belowende finalis nooi om aan ’n oorklankingsprojek deel te neem.

Boonop kan die Graad 12-finaliste aansoek doen vir ’n WOW-studiebeurs aan die Universiteit Stellenbosch, en daar is ook ’n beurs vir studie aan Northlink Kollege beskikbaar. Hoe’s daai vir opwindende en waardevolle pryse?

Inskrywings word aanlyn by [www.proscenium.pro](http://www.proscenium.pro) gedoen. Inskrywingsfooie beloop R200 en die sluitingsdatum is 26 Januarie 2024.

Moenie hierdie onvergeetlike avontuur misloop nie. Klop nou op jou ouer se skouer, of deel die webblad met jou drama-onderwyser by die skool of privaat klasse en sorg dat jou inskrywing ons teen 26 Januarie bereik!

Inskrywings: www.proscenium.pro Navrae: info@proscenium.pro

Met trots ondersteun deur ons vennote: